

## AL SOU EK NIE

Al sou ek nie, die Here sal. Die opskrif hierbo en hierdie eerste sin is verkeerd-om. Die sin moet lees: Die Here sal, al sou ek nie.

Ek word later hierdie jaar sewentig en het teruggedink oor die jare wat verby is en opnuut besef hoe wonderlik en genadig die Here vir my was en is. Ek het byvoorbeeld besef die Here het oor al hierdie jare voldoende reën gegee om mens, plant en dier aan die lewe te hou al het ek nie so gereeld en soms gladnie vir reën gevra nie. Ek het besef ek het so min vir gesondheid gedank en net gevra as ek siek of siekerig is. Tog het die Here strykdeur genesing en gesondheid geskenk. Baie min gevra vir seën vir die verskillende gemeentes waar ek was, tog het die Here sy Woord laat verkondig en geestelike groei gegee. Die Here het, al het ek nie. Die Here was en is getrou, al was en is ek nie.

So min het ek gevra vir liefde vir God en my naaste, tog het die Here dit sonder verwyte gegee. Die onverdiende liefde van my vrou, kinders en kleinkinders is hiervan bewys. Maak my skaam, nederig en dankbaar. Byna nooit gedank vir oë, ore, hande en voete nie, maar besef hoeveel van my broers en susters daasonder moet klaarkom.

So laat in my lewe eers gedoen wat Jesus in Matteus 25 sê van besoeke aan gevangenes. So min aan hulle gedink en vir hulle gebid. Tog het die Here hulle versorg deur geestelike werkers te gee en hulle geloof laat groei. Beskik dat hulle op parool gegaan het. Die Here het, al het ek nie. En Jy, het jy al gevangenes besoek? Bid jy vir hulle? Die Here het, al het jy nie.

Die Here het, al sou ek nie. Die Here het gegee, al sou ek nie vra nie. Die Here het geseën, al het ek nie gevra of dit nie verdien nie. Die Here het en sal steeds sorg, verdra en versorg. Daarvoor loof en dank ek Hom. Die Here sal.

Jan Lubbe